

Dinsdag 15 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 72:1-20

Fokusgedeelte: Psalm 72:17-19

Die Koning van alle konings!

Psalm 72 is gesing by die kroningsfees van 'n nuwe koning ... 'n kroningslied uit die hart van die Ou-Testamentiese volk van God ... 'n kroningslied wat soms gesing is ter herdenking van die kroning van 'n koning ... 'n kroningslied wat in sy skoonheid ook ewige koningsheerskappy laat deurskemer!

In hierdie psalm word die volk meegeneem en gewys na die Godsregering van 'n regverdige koning ... wat hom steur aan armes en swakkes en verdruktes ... 'n regering waar nie net die hofhouding belangrik is nie, maar waar die konsekwensies uitreik dat selfs die natuur juig oor die vrede en reg wat uit 'n gehoorsame koning se regering spruit.

Hierdie psalm leer ons wat die rigting is wat 'n regering in gehoorsaamheid aan God behoort te loop. Die regering in Suid-Afrika moet ook leer om te regeer asof hulle vir ewig moet regeer ... en dit kan net gebeur as die regering volgens God se ewige wil geskied.

Bowenal sug hierdie psalm na God se Gesalfde wat kom ... na die koms van die ewige Koning, die Messias. Juis daarom is die verhewe taal van pas as ons daaraan dink dat die Messias reeds gekom het. Hy het die vrede en heil gebring deur volgehoue gehoorsaamheid ... gehoorsaamheid tot in die dood.

Met ons ewige Koning se wonderdadige herstel van sy skepping in gedagte, kyk ons dieper as om net vandag skewe regerings raak te sien. Ons sien dieper ... ons sien dat God steeds in Christus Jesus tot in alle ewigheid lewe en regeer – en ons smag daarna dat Hy alles in almal sal wees!

Sing: Psalm 89-1:6, 7

Dr. RM van der Merwe (Rudolph) (Parys)